NWK Beherend Beperk

2020

Gekonsolideerde tussentydse finansiële state
vir die ses maande geëindig **31 Oktober 2020**

NWK BEHEREND BEPERK

GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2020

Direkteursverslag	1
Staat van finansiële stand	3
Staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste	4
Staat van veranderings in ekwiteit	5
Kontantvloeistaat	6
Segmentele verslagdoening	7
Aantekeninge by die tussentydse finansiële state	8
Korporatiewe inligting	11

Die gekonsolideerde tussentydse finansiële state is nie geouditeer of onafhanklik nagesien nie, is deur D van Zyl voorberei, op 11 Desember 2020 deur die direksie goedgekeur en op 14 Desember 2020 gepubliseer. Hierdie verslag is in Engels en Afrikaans gepubliseer. Indien enige teenstrydighede tussen die Engelse en Afrikaanse weergawes van die verslag voorkom, moet die Engelse weergawe as die korrekte weergawe beskou word.

DIREKTEURSVERSLAG
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2020

Die direksie doen in dié verslag, wat as deel van die gekonsolideerde tussentydse finansiële state aangebied word, verslag oor die finansiële stand van die maatskappy, sy filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings soos op 31 Oktober 2020, die resultate van hulle bedrywighede en kontantvloei vir die ses maande op daardie datum geëindig.

VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEDE

Die direksie is verantwoordelik vir die finansiële state. Ingevolge dié verantwoordelikheid is dit die plig van die direkteure om te verseker dat die finansiële state die finansiële stand en prestasies van die maatskappy billik aanbied, dit volledig en akkuraat is, voldoen aan die bepalings van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en in ooreenstemming met die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde voorberei is. Die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde vereis dat die direkteure die lopendesaakbeginsel by die voorbereiding van finansiële state ondersoek, toepaslike rekeningkundige beleid identifiseer om bates, laste, inkomste en uitgawes te verantwoord, oordeel gebruik en ramings en aannames aangaande die toekoms maak.

INTERNE FINANSIËLE BEHEERSTELSEL

Die direksie is verantwoordelik vir die ontwikkeling, implementering en instandhouding van 'n doeltreffende interne finansiële beheerstelsel. Die interne finansiële beheerstelsel bestaan uit alle interne beleids- en finansiële beheermaatreëls en is ontwerp om die integriteit van finansiële inligting te verseker, dit wil sê om redelike sekerheid te verskaf dat transaksies volgens beleid en prosedures aangegaan word, bates beskerm word, foute en bedrog voorkom word, die rekeningkundige rekords en finansiële verslae volledig en akkuraat is, en die toepaslike wetsbepalinge, finansiële verslagdoeningstandaarde, noteringsvereistes en kodes nagekom word. Die direksie is verantwoordelik vir die daarstelling en instandhouding van 'n onafhanklike ouditkomitee en dit is sy plig om te verseker dat die groep oor 'n onafhanklike interne ouditfunksie beskik wat die nodige hulpbronne en kundigheid het, doeltreffend is en 'n risikogegronde ouditbenadering volg. Die direksie ondersoek die effektiwiteit van die interne finansiële beheerstelsel jaarliks.

FINANSIËLE EN BEDRYFSOORSIG

Die groep se fokus op sy kernbedrywighede werp vrugte af en het in die ses maande geëindig 31 Oktober 2020 inkomste van R1 239 miljoen en wins van R116 miljoen gerealiseer, teenoor inkomste van R1 029 miljoen en wins van R55 miljoen in die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

Die verbetering in die resultate kan hoofsaaklik toegeskryf word daaraan dat klante as noodsaaklike diensverskaffers gedurende die grendeltydperk die goeie landboutoestande kon benut, en ook aan relatiewe hoë graanpryse.

Gevolglik het klante weer fondse beskikbaar om aan kapitaalprojekte te spandeer. Dit word weerspieël in die geweldige vraag na staal en omheining. Ongelukkig is beskikbaarheid van hierdie produkte 'n wesenlike probleem. Trekkerverkope is steeds op hoë vlakke en die aantal eenhede verkoop tot op datum is reeds meer as dubbeld vergeleke met die ooreenstemmende tyd verlede jaar. Verkope van produksiemiddele soos chemikalieë is ook besonder hoog, wat 'n aanduiding is dat produsente 'n goeie seisoen in die vooruitsig stel. Die verwagting is dat hierdie tendense vir die res van die seisoen sal voortduur.

Graanontvangste was ook wesenlik hoër as in die ooreenstemmende tyd verlede jaar, met gevolglike verbeterde resultate in die kommoditeitsegment. Uitvoere ondersteun plaaslike kommoditeitspryse. Produsente het dus die geleentheid om vroeër graankontrakte vir die komende leweringseisoen aan te gaan.

Die styging in graanvoorraad gedurende die periode het gelei tot negatiewe kontantvloei uit bedrywighede. Die verlaagde prima uitleenkoers het 'n negatiewe uitwerking op die finansierings- en tesourieresultate.

VOORUITSIGTE

Die landboutoestande is tans baie gunstig en dit wil voorkom asof aanplantings in die optimale tydperk en toestande gaan plaasvind. Hierdie toestande het lanklaas in die bedieningsgebied gegeld. Ons verwag verder dat aanplantings in hektaar op nasionale vlak gaan uitbrei, en sodoende kan rekordoeste in die somerreënvalgebiede verwag word. Ons verwag dus dat indien die goeie landboutoestande voortduur, likiditeit in landbou verder gaan verbeter en dus ook aan ons as landboubesigheid goeie geleenthede gaan bied. Aan al ons produsente, voorspoed met die aanplantings.

DIREKTEURSVERSLAG (vervolg)

DIVIDENDE

Die direksie het op 11 Desember 2020 'n dividend van 23 sent per aandeel – R27 miljoen in totaal – vir uitkering aan die aandeelhouers verklaar.

GOEDKEURING

Die direkteure is van mening dat die gekonsolideerde tussentydse finansiële state die finansiële stand en prestasies van die maatskappy billik aanbied, dat dit volledig en akkuraat is, voldoen aan die bepalings van die Maatskappywet, en in ooreenstemming met die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde voorberei is. Die direkteure is van mening dat die rekeningkundige beleid toepaslik is, die wesenlike onsekerhede verbonde aan die voorbereiding van die gekonsolideerde tussentydse finansiële state behoorlik beoordeel is, en dat ramings en aannames redelik, omsigtig en onbevooroordeeld is en die beskikbare en toepaslike inligting in ag neem. Die gekonsolideerde tussentydse finansiële state vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2020, soos op bladsy 1 tot 11 uiteengesit, is op 11 Desember 2020 deur die direksie goedgekeur en word namens die direksie onderteken deur:

L Vermooten
Ondervoorsitter

11 Desember 2020

STAAT VAN FINANSIËLE STAND

SOOS OP 31 OKTOBER 2020

	Oktober 2020	April 2020	Oktober 2019
	R'm	R'm	R'm
Niebedryfsbates	**1 015**	988	898
Eiendom, aanleg en toerusting	**348**	330	304
Beleggingseiendom	**9**	4	8
Ontasbare bates	**22**	25	26
Belegging in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	**194**	172	175
Beleggings teen billike waarde deur ander omvattende inkomste	**4**	3	4
Lenings en verhuringsdebiteure	**428**	454	381
Uitgesteldebelasting-bates	**10**	-	-
Bedryfsbates	**4 836**	1 956	2 934
Voorraad	**4 078**	795	2 103
Handels- en ander debiteure	**532**	1 092	714
Voorafbetaalde uitgawes	**9**	3	1
Bates uit kontrakte met klante	**12**	-	7
Finansiële instrumente teen billike waarde deur wins of verlies	**143**	58	91
Kontant en kontantekwivalente	**62**	8	18
Niebedryfsbates vir verkoop gehou	**-**	5	-
Bates	**5 851**	2 949	3 832
Ekwiteit toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy	**1 458**	1 038	1 040
Aandelekapitaal	**220**	44	44
Verdeelbare reserwes	**1 238**	994	996
Ekwiteit toeskryfbaar aan niebeherende belange	**-**	334	333
Ekwiteit	**1 458**	1 372	1 373
Niebedryfslaste	**11**	19	17
Voorsienings	**6**	6	6
Huurverpligtinge	**5**	6	11
Uitgesteldebelasting-aanspreeklikhede	**-**	7	-
Bedryfslaste	**4 382**	1 558	2 442
Handels- en ander krediteure	**455**	208	292
Oplopende vergoede afwesighede	**37**	33	34
Laste uit kontrakte met klante	**44**	25	24
Voorsienings	**12**	5	8
Huurverpligtinge	**21**	10	10
Lopendebelasting-aanspreeklikhede	**22**	-	12
Finansiële instrumente teen billike waarde deur wins of verlies	**581**	58	523
Korttermynlenings	**2 699**	145	1 156
Bankoortrekkings	**511**	1 074	383
Ekwiteit en laste	**5 851**	2 949	3 832

STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2020

	Aan-tekening	Oktober 2020	Oktober 2019
		R'm	R'm
Inkomste		**1 239**	1 029
Bedryfswins voor finansieringskoste	4	**192**	107
Finansieringskoste		**(62)**	(42)
Bedryfswins		**130**	65
Toeskryfbare deel van die wins van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings		**23**	11
Voorbelastingwins		**153**	76
Belasting		**(37)**	(21)
Wins vir die tydperk		**116**	55
Ander omvattende inkomste			
– Billikewaarde-aanpassing van die belegging in genoteerde en ongenoteerde entiteite		**1**	(3)
Omvattende inkomste vir die tydperk		**117**	52
Wins toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy		**102**	42
Wins toeskryfbaar aan niebeherende belange		**14**	13
Wins vir die tydperk		**116**	55
Omvattende inkomste toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy		**103**	40
Omvattende inkomste toeskryfbaar aan niebeherende belange		**14**	12
Omvattende inkomste vir die tydperk		**117**	52

Verdienste per aandeel	Oktober 2020	Oktober 2019
	Sent	Sent
Basiese en verwaterde verdienste	**120**	55

Die berekening van basiese en verwaterde verdienste per aandeel is gegrond op die gekonsolideerde wins van R102 miljoen toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy en die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 85 347 116 en, in die geval van die vorige jaar, die gekonsolideerde wins van R42 miljoen toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy en die geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele van 76 212 828.

STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2020

	Oktober 2020	Oktober 2019
	R'm	R'm
Beginsaldo	**1 372**	1 535
Omvattende inkomste vir die tydperk	**117**	52
Wins vir die tydperk	**116**	55
Ander omvattende inkomste	**1**	(3)
Aandele-uitgifte	**176**	-
Effek van verandering van belang in filiaal	**(198)**	(204)
Transaksiekoste wat met die verkryging van niebeherende belange in filiale verband hou	**(2)**	-
Dividende	**(7)**	(10)
Ekwiteit aan die einde van die tydperk	**1 458**	1 373

Dividende betaal	Oktober 2020 Sent	Oktober 2019 Sent
Dividend per aandeel betaal	**6**	5

KONTANTVLOEISTAAT

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2020

	Oktober 2020	Oktober 2019
	R'm	R'm
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	**(1 886)**	(507)
Kontantvloei uit bedrywighede	**(1 835)**	(513)
Finansieringsinkomste	**50**	71
Finansieringskoste	**(62)**	(42)
Belasting betaal	**(32)**	(13)
Dividende betaal	**(7)**	(10)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteit	**(16)**	(16)
Eiendom, aanleg en toerusting verkry	**(18)**	(20)
Ontasbare bates verkry	**-**	(2)
Opbrengs by die vervreemding van eiendom, aanleg en toerusting	**-**	2
Dividende ontvang	**2**	4
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**2 519**	677
Korttermynlenings	**2 550**	895
Huurverpligtinge betaal	**(7)**	(14)
Kontantvloei met die vergroting van belang in filiaal	**(22)**	(204)
Transaksiekoste wat met die verkryging van niebeherende belange in filiale verband hou	**(2)**	-
Verandering in kontant en kontantekwivalente	**617**	154
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	**(1 066)**	(519)
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	**(449)**	(365)

SEGMENTELE VERSLAGDOENING

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2020

Die doelstelling van die groep is om in landbou- en verwante produkte, hulpmiddels en dienste handel te dryf en om aanverwante aktiwiteite te onderneem. Die bedryfsaktiwiteite van die groep word vir bestuursdoeleindes in verskeie segmente verdeel, naamlik landboukommoditeite, kleinhandel en meganisasie, kunsmis, finansiering en tesourie, oliepers, versekering, selversekering en landboukalksteenmynbou. Die samestelling van die segmente is gegrond op, eerstens, die tipe produkte en dienste wat gelewer word; tweedens, geografiese gebiede; derdens, die klantebasis wat bedien word; en, laastens, die segmentsamestellings van konkurrente en ander landboumaatskappye. Die groep beoefen sy bedryfsaktiwiteite in Noordwes, Gauteng en Mpumalanga.

	Inkomste		Wins of verlies	
	Oktober 2020	**Oktober 2019#**	**Oktober 2020**	**Oktober 2019#**
	R'm	**R'm**	**R'm**	**R'm**
Landboukommoditeite	**107**	146	138	78
Kleinhandel en meganisasie	**964**	742	30	2
Kunsmis	**122**	72	5	2
Finansiering en tesourie	**93**	143	33	52
Eksterne klante	**41**	64		
Ander segmente	**52**	79		
Oliepers	**-**	-	13	4
Versekering	**-**	-	1	2
Selversekering	**-**	-	1	-
Landboukalksteenmynbou	**-**	-	9	4
Korporatief	**5**	5	(77)	(68)
Segmentinkomste en -wins	**1 291**	1 108	153	76
Rekonsiliasie van segmentinkomste en -wins met die inkomste en voorbelastingwins getoon in die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste				
Segmentinkomste en -wins hierbo getoon	**1 291**	1 108	153	76
Tussensegmenttransaksies	**(52)**	(79)	-	-
Bedrae in die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste getoon	**1 239**	1 029	153	76

#*Vergelykende syfers*

Die groep het teen die einde van die vorige finansiële jaar besluit om die voormalige handelsegment in sy kleinhandel-, meganisasie- en kunsmiskomponente te verdeel. Die vergelykende syfers is dus hersaamgestel.

AANTEKENINGE BY DIE TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE

VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2020

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die rekeningkundige beleid en beginsels wat by die voorbereiding van die tussentydse gekonsolideerde finansiële state toegepas is, stem in alle wesenlike opsigte ooreen met dié wat in die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 April 2020 toegepas is.

2. LOPENDESAAKBEGINSEL

By die voorbereiding van finansiële state ondersoek die direksie op grond van die betrokke finansiële state onder oorsig die finansiële stand, resultate en verhoudings van die groep, sy kapitaalbehoeftes, finansiële verpligtinge en die vereffeningsdatums daarvan, leningsooreenkomste, beskikbare fasiliteite, finansiële bates en die verhaalbaarheid daarvan, kontantgenererende bates en kontantvloei, sowel as die algemene ekonomiese en landboutoestande, heersende en verwagte marktoestande, politieke klimaat en ander beduidende volhoubaarheidsaangeleenthede. Die direkteure is van mening dat die maatskappy 'n lopende saak is, gevolglik is die gekonsolideerde tussentydse finansiële state volgens die lopendesaakbeginsel voorberei.

3. SEISOENALE BESIGHEID

Die doelstelling van die groep is om in landbou- en verwante produkte, hulpmiddels en dienste handel te dryf en om aanverwante aktiwiteite te onderneem. Dié doelstelling veroorsaak dat die inkomste wat die groep verdien en die daaruitvoortspruitende wins of verlies aan die seisoenale aard van landbou-aktiwiteite blootgestel is. Landboukommoditeite word meestal in die eerste ses maande van 'n finansiële jaar ontvang. Daarteenoor styg die inkomste wat die kleinhandel-, meganisasie en kunsmisdepartemente verdien in die laaste ses maande van 'n finansiële jaar wanneer somergewasse geplant word. Tradisioneel presteer die groep se sleutelbesighede beter in die laaste deel van 'n finansiële jaar, onderworpe aan klimaatstoestande, die oesopbrengste van produsente en kommoditeitspryse.

Dit is nie net die finansiële resultate van die groep wat seisoenaal van aard is nie – die staat van finansiële stand en kontantvloei word ewe-eens wesenlik deur die seisoenale aard van landbou-aktiwiteite beïnvloed. As voorbeeld is die vlakke van lenings en debiteure tradisioneel laer teen die einde van Oktober, wanneer die produksieskuld van die vorige seisoen vereffen is, gemeet teen die einde van April, wanneer die nuwe produksieseisoen gefinansier word. Daarteenoor is voorraadvlakke, en veral die vlakke van landboukommoditeite, tradisioneel hoër teen die einde van Oktober, vergeleke met dié teen die einde van April. Die seisoenale skommelings in vlakke van voorraad, landboukommoditeite en handels- en ander debiteure, saam met die skommelings in die vlakke van die bank- en korttermynlenings waarmee die bates gefinansier word, is dan ook die rede waarom die groep met die aanbieding van sy gekonsolideerde tussentydse finansiële state 'n staat van finansiële stand teen die einde van die vergelykende tydperk van die vorige jaar aanbied, ten spyte daarvan dat die voorskrifte van internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde dit nie vereis nie.

4. BEDRYFSWINS VOOR FINANSIERINGSKOSTE

	Oktober 2020 R'm	Oktober 2019 R'm
Bedryfswins voor inagneming van die uitgawes hieronder	**208**	121
Waardedalingsdebiet op eiendom, aanleg en toerusting	**(5)**	(1)
Afskrywing van voorraad na netto realiseerbare waarde	**(3)**	(5)
Kredietverliese op finansiële bates	**(8)**	(8)
Bedryfswins voor finansieringskoste	**192**	107

AANTEKENINGE BY DIE TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE (vervolg)

5. BILLIKEWAARDE-HIËRARGIE VAN FINANSIËLE BATES EN LASTE WAT OP 'N HERHALENDE GRONDSLAG TEEN BILLIKE WAARDE GEMEET WORD

	Oktober 2020 R'm	April 2020 R'm	Oktober 2019 R'm
Beleggings teen billike waarde deur ander omvattende inkomste	**4**	3	4
Billike waarde met vlak een insetdata gemeet	**1**	2	2
Billike waarde met vlak drie insetdata gemeet	**3**	1	2
Finansiële instrumente teen billike waarde deur wins of verlies met vlak een insetdata gemeet	**(438)**	-	(432)
Netto billike waarde van die bates en laste wat teen billike waarde gemeet word	**(434)**	3	(428)

6. BILLIKEWAARDE-HIËRARGIE VAN FINANSIËLE BATES WAT TEEN GEAMORTISEERDE KOSTE GEMEET WORD

	Oktober 2020 R'm	April 2020 R'm	Oktober 2019 R'm
Lenings en verhuringsdebiteure	**428**	454	381
Handels- en ander debiteure	**532**	1 092	714
Kontant en kontantekwivalente	**62**	8	18
Billike waarde met vlak twee insetdata gemeet	**1 022**	1 554	1 113

7. BILLIKEWAARDE-HIËRARGIE VAN FINANSIËLE LASTE WAT TEEN GEAMORTISEERDE KOSTE GEMEET WORD

	Oktober 2020 R'm	April 2020 R'm	Oktober 2019 R'm
Huurverpligtinge	**26**	16	21
Handels- en ander krediteure	**455**	208	292
Korttermynlenings	**2 699**	145	1 156
Bankoortrekkings	**511**	1 074	383
Billike waarde met vlak twee insetdata gemeet	**3 691**	1 443	1 852

AANTEKENINGE BY DIE TUSSENTYDSE FINANSIËLE STATE (vervolg)

8. VERWANTEPARTY-TRANSAKSIES

	Oktober 2020 R'm	Oktober 2019 R'm
Inkomste verdien uit verwante partye	**13**	22
Nie-uitvoerende direkteure	**10**	14
Sleutelpersoneel	**1**	1
Gesamentlike ondernemings	**2**	7
Landboukommoditeite by verwante partye gekoop	**46**	33
Nie-uitvoerende direkteure	**43**	30
Sleutelpersoneel	**3**	3
Landboukommoditeite aan gesamentlike ondernemings verkoop	**516**	394
Waarde van transaksies met verwante partye	**575**	449

9. GEBEURE NÁ DIE VERSLAGDOENINGSTYDPERK

Die direksie is nie bewus van enige gebeure ná die verslagdoeningstydperk wat nie reeds in die gekonsolideerde tussentydse finansiële state behandel is en wat 'n wesenlike invloed op die geopenbaarde gekonsolideerde tussentydse finansiële state het nie.

KORPORATIEWE INLIGTING

LAND VAN INKORPORASIE
Republiek van Suid-Afrika

REGISTRASIENOMMER
1998/007243/06

GEREGISTREERDE ADRES
Scholtzstraat 81, Lichtenburg, 2740

POSADRES
Posbus 107, Lichtenburg, 2740

NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE
H Krüger
L Vermooten
FH Badenhorst
JJ du Preez
JP du Preez
J Mahne
JH Suurd
CF van Niekerk

OPENBARE BEAMPTE
DPG Kleingeld

MAATSKAPPYSEKRETARIS
L Pieterse

VERHANDELINGSPLATFORM
4 Africa Exchange Proprietary Limited

4 AFRICA EXCHANGE-AANDELEKODE
4ANWKH

INTERNASIONALE SEKURITEITSIDENTIFIKASIENOMMER
ZAE400000028

OORDRAGSEKRETARIS
4 Africa Exchange Registry Proprietary Limited

EKSTERNE UITREIKINGSAGENT
Pallidus Capital Proprietary Limited

BANKIERS
Absa Bank
First National Bank

EKSTERNE OUDITEUR
PricewaterhouseCoopers Geïnkorporeer